# Die betrokkenheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk by Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria

J J Engelbrecht & P M Venter
Universiteit van Pretoria

Abstract
The involvement of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Biblical Studies at the University of Pretoria

The two sections of the Faculty of Theology (Nederduitsch Hervormde Kerk and Nederduitse Gereformeerde Kerk) have equal responsibilities regarding Biblical Studies at the University of Pretoria. In this historical survey, however, attention is focused on the part of the Nederduitsch Hervormde Kerk. The Department of Biblical Studies has a proud record, and interesting possibilities for the future are mentioned. The Department functions (unofficially) as a third and 'ecumenical' section of the Faculty of Theology, its students coming from a variety of churches and beliefs, and its lecturers belonging to different churches.

Nadat daar reeds jare tevore in die samelewing stemme opgegaan het dat daar ook vir nie-teoloë en veral vir onderwysers die geleentheid behoort te bestaan om aan die universiteite die Bybel te bestudeer (vgl Engelbrecht 1954:17-24, veral 23-24), het die Universiteit in 1952 gepoog om 'n graadkursus in Bybelse geskiedenis ingestel te kry. Die gedagte was dat dit in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gehuisves sou wees. Dit het nie geslaag nie, waarskynlik omdat daar teenkanting

gekom het van albei afdelings van die Fakulteit Teologie. Danksy die instelling van Bybelkunde as 'n keusevak in die skole van onder andere die Transvaalse Onderwysdepartement, het daar tog 'n groeiende behoefte ontstaan aan universiteitsopleiding vir onderwysers om kinders op skool in die vak te onderrig. So het dit dan gekom dat Bybelkunde in 1958 aan die Universiteit van Pretoria as vak ingestel is, veral met die oog op die opleiding van onderwysers. Die twee afdelings van die Fakulteit Teologie sou vir die doseerwerk verantwoordelik wees (Engelbrecht 1991:2; vgl Oberholzer & Botha 1967:36; Kotzé 1987:20).

Dit was 'n voorbehoudsbepaling van die Fakulteit Teologie en die wens van die kerklike instansies dat professore in die Teologie die vak Bybelkunde sou doseer. Die universiteitsinstansies het dit goedgekeur dat die doseerwerk in die vak Bybelkunde deur die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan dosente in die teologiese fakulteit (Afd A & B) opgedra word (Rautenbach 1962). Die onderlinge reëling was dat Afdeling B vir die Nuwe-Testamentiese deel verantwoordelik sou wees en Afdeling A vir die Ou-Testamentiese gedeelte. So sou dit vir 'n hele aantal jare dan ook die geval wees (vgl Kuratorium 1961-1963).

Volgens die Jaarboek van die Universiteit (UP 1958:149) het die leerplan destyds soos volg daar uitgesien:

* *Eerste jaar*: (a) Aardrykskunde en argeologie van die bybellande.
  (b) Bybelse geskiedenis en kronologie van die Ou en Nuwe Testament met aandag aan die kultuurhistoriese agtergrond van beide.
  (c) Ontstaan en bewaring van die Ou en Nuwe Testament.
  (d) Die godsdienstige gedagtewêreld van die Bybel.
* *Tweede jaar*: (a) Inleiding: Ou Testament.
  (b) Inleiding: Nuwe Testament.
  (c) Voortgesette Bybelse geskiedenis met aandag aan die kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel.
  (d) Die godsdienstige gedagtewêreld van die Bybel.

Die voorwaarde dat die doseerwerk deur dosente van die Fakulteit Teologie behartig moes word, is skynbaar aanvanklik nie as te ernstig beskou nie: Ds J P Oberholzer van Middelburg, die latere Dekaan van Teologie (Afd A), het gedurende 1958 agt en veertig lesings in Bybelkunde waargeneem terwyl hy deeltydse dosent in Hebreeus was. Toe ds C J Labuschagne as voltydse lektor in Semitiese Tale aangestel is en ds Oberholzer nie meer lektor was in Semitiese Tale nie, het ds Labuschagne die Ou-Testamentiese deel van Bybelkunde 1 en 2 behartig. Afdeling B (die Ned Geref Kerk) was vir die ander lesings in Bybelkunde verantwoordelik.

Hierdie reëling is behou totdat professor C H Rautenbach, die destydse Rektor van die Universiteit van Pretoria, in 'n brief aan die Dekane van die teologiese fakulteit (Afd A & B) daarop gewys het dat di D Viljoen (Ned Geref) en C J Labuschagne (Ned Herv) die doseerwerk gedurende 1961 behartig het. Hierdie manne was nié dosente in Teologie nie. Dít was in stryd met die kontrak tussen die Universiteit en die kerke. Die Rektor sou dit toelaat dat genoemde dosente (voorlopig) met die doseerwerk voortgaan, maar die saak moes in die reine gebring word deur so spoedig moontlik tydelik-deeltydse dosente in die Fakulteit Teologie te benoem. Hulle aanstelling moes elke jaar opnuut oorweeg word (Rautenbach 1962).

In hierdie tyd het die Universiteit besluit dat ook Bybelkunde 3 vanaf die begin van 1963 ingestel sal word. Ds Labuschagne kon nie sy lesinglas verlig deur gesamentlike lesings vir Bybelkunde 1 en 2 aan te bied nie, omdat die Rektor dit nie wou toelaat nie (Kuratorium 1963-02-01).

Met die instel van 'n derdejaarskursus in Bybelkunde, het ds Labuschagne die Dekaan meegedeel dat hy nie naas sy werk by Semitiese Tale sonder hulp kon voortgaan met die doseer van al drie jaarkursusse in Bybelkunde nie. Hy het toe voorgestel dat proponent W C van Wyk daarmee sal help (Kuratorium 1962-08-01).

Intussen het daar by Teologie (A & B) ook nuwe ontwikkelinge gekom, hoewel ons in hierdie artikel hoofsaaklik op Teologie A konsentreer. Tot die einde van 1962 was Praktiese Teologie nie gereken as Universiteitsvak nie. Slegs die kerk was vir die doseer daarvan verantwoordelik. Vanaf die begin van 1963 is 'n sesde leerstoel, naamlik Praktiese Teologie, by Teologie ingestel op rekening van die kerk. Daar sou 'n toeslag van 40 persent vir die gebruik van lokale ensovoorts wees. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het egter besluit om nie die leerstoel te vul nie, maar om wel met ander reëlings die vak tot sy reg te laat kom (Kuratorium 1961-1963). Die Kommissie versoek dat die werk wat deur dr Labuschagne gedoen is, in die vervolg deur 'n dosent van die Fakulteit Teologie (Afd A) gedoseer moet word. Die Kuratorium beveel toe by die Kommissie aan dat dr J I de Wet aangestel word as tydelik-deeltydse lektor. Hierdie aanstelling sou van jaar tot jaar hersien word en sou geskied in 'n departement van Teologie. Op hierdie stadium het die voorsiter van die Vergadering van Professore gereël dat die betrokke lektor behulpsaam moes wees met die doseer van Praktiese Teologie en Bybelkunde (Kuratorium 1962-08-01).

Meneer A B van N Herbst, Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk, het in oorleg met die Vergadering van Professore by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanbeveel dat die betrokke lektor aangestel moet word in Teologie, teen die pos Praktiese Teologie. Die Kommissie het die aanbeveling aanvaar met die verstandhouding dat hierdie reëling nie impliseer dat die leerstoel

Praktiese Teologie gevul word nie of dat dit die begin van vulling van die leerstoel is nie en dat dr J I de Wet se taak tot so min moontlik lesings in die Praktiese Teologie beperk word (Kuratorium 1962-09-13). Dr de Wet is toe met ingang 1 Februarie 1963 aangestel as tydelik-deeltydse lektor in Teologie. Hy behartig Bybelkunde 1 en 2 en is behulpsaam in Praktiese Teolgie. Hy gee hoogstens 120 lesings per jaar in Bybelkunde, teen R3,50 per lesing. Aan die lesings vir Praktiese Teologie was geen vergoeding verbonde nie. Die res van Praktiese Teologie is onder die ander dosente verdeel.

Vanaf 1 Februarie 1968 is ds J P Oberholzer deur die Universiteitsraad op voordrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem vir die doseer van Bybelkunde 2.

Die Bybelkunde-leerplanne het ook nie gestagneer nie en in 1963 lyk dit soos volg (vgl die Jaarboek van UP 1963-1964:147-148):

* *Eerstejaar*:

1. Ou-Testamentiese deel:
   (a) Bybelse geskiedenis en kronologie van die Ou Testament; eerste hoofdeel van Ou Testament.
   (b) Argeologie van die Bybellande.
   (c) Algemene inleiding tot die Ou Testament en besondere inleiding op die boeke van die eerste hoofdeel.
   (d) Die godsdienstige gedagtewêreld van die Ou Testament 1.

2. Nuwe-Testamentiese deel:
   (a) Aardrykskunde van die Bybellande.
   (b) Ontstaan en bewaring van die Nuwe Testament.
   (c) Inleiding tot die Sinoptiese Evangelies en Handelinge.
   (d) Godsdienstige gedagtewêreld 1: Prediking van Jesus volgens die Sinoptici.

* *Tweedejaar*:

1. Ou-Testamentiese deel:
   (a) Voortgesette Bybelse geskiedenis met besondere studie van die derde hoofdeel van die Ou Testament.
   (b) Die ontstaan en bewaring van die Ou Testament.
   (c) Die godsdienstige gedagtewêreld van die Ou Testament 2.
   (d) Besondere inleiding tot die Ou Testament 2.

2. Nuwe-Testamentiese deel:
   (a) Algemene- en kultuurhistoriese agtergrond tot die Nuwe Testament.
   (b) Inleiding tot die Briewe van Paulus en Hebreërs.
   (c) Godsdienstige gedagtewêreld 2: prediking van Paulus en die Brief aan die Hebreërs.

* *Derdejaar*:

1. Ou-Testamentiese deel:
   (a) Voortgesette Bybelse geskiedenis met besondere studie van die derde hoofdeel van die tweede hoofdeel van die Ou Testament.
   (b) Die kultuur-historiese agtergrond van die Ou Testament met besondere verwysing na die godsdienste van die omwonende volke.
   (c) Die godsdienstige gedagtewêreld van die Ou Testament 3.
   (d) Besondere inleiding tot die Ou Testament, hoofdeel 3.
2. Nuwe-Testamentiese deel:
   (a) Vroeg-Christelike geskrifte (apokriewe ens).
   (b) Inleiding tot die geskrifte van Johannes en die Algemene Briewe.
   (c) Godsdienstige gedagtewêreld 3: Prediking van Johannes, Petrus en Jakobus (vgl UP Jaarboek 1963-1964:147-148; vgl ook UP Jaarboeke 1976, 1984 vir verdere wysigings na leerplanne).

Uit die notule van die Kuratorium (1968-08-08) blyk dat daar in 1968 165 eerstejaars, 65 tweedejaars en 15 derdejaars in Bybelkunde was. Dit het 'n voltydse leerkrag geregverdig. Die Kuratorium het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om met die Ned Geref Kerk te onderhandel met die oog op gesamentlike vertoë aan die Universiteit van Pretoria vir die aanstelling van voltydse dosente en 'n aanbod aan die Universiteit om die poste te subsidieer op dieselfde basis as die professore in die Fakulteit Teologie. Op die agenda was die motivering dat Bybelkunde nou as hoofvak geneem kan word en dat dit tyd geword het om die Universiteit te nader om 'n deel van die koste te dra. Die voorsitter, dr De Wet en die Dekaan sou informele samesprekings met die Rektor voer.

Die Kuratorium besluit op 1 Augustus 1969 om by die Raad van Finansies aan te beveel om die vergoeding van Bybelkunde-lesings te verhoog in lyn met die Universiteit se vergoeding, naamlik R6,33 per lesing (Kuratorium 1969-08-01).

Op die vergadering van 31 Januarie 1969 vra dr J P Oberholzer dat die besluit van 8 Augustus 1968 teruggehou word, aangeslen die aantal lesings en die getal studente miskien nie voltydse dosente regverdig nie. Daar word twaalf lesings per week gegee deur drie persone: Dit kwalifiseer vir hoogstens één voltydse dosent. In lyn hiermee besluit die vergadering om eers informele samespreking te voer met die Rektor, die Registrateur (Akademies) en die Dekaan van Afdeling B (Kuratorium 1969-01-31).

Die beplande informele samesprekings het nie plaasgevind nie omdat daar nuwe verwikkellnge gekom het: 'n Komitee is deur die Senaat aangestel om in te gaan op die groepering van kursusse en die indeling van die aantal studente vir die verskillende kursusse. Die moontlikheid het bestaan dat Bybelkunde nie meer as hoofvak sou geld nie, maar miskien nog as kwalifiserende kursus. Dit sou meebring dat die getal studente in Bybelkunde sou daal, wat weer die aanstelling van 'n voltydse werkkrag negatief sou beïnvloed (Kuratorium 1969-08-01).

Die vyf en vyftigste Algemene Kerkvergadering het die sesde leerstoel, naamlik dié in Praktiese Teologie, goedgekeur en dr J I De Wet is vanaf 1 Januarie 1968 as professor in Praktiese Teologie aangestel. Ds J P Oberholzer is as tydelik-deeltydse dosent in Bybelkunde aangestel (Kuratorium 1967-1969).

Dr J P Oberholzer is vanaf 1 Januarie 1970 benoem as hoogleraar in Ou Testament in die plek van die aftredende professor E S Mulder. Die kuratorium is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om aanbevelings te maak vir die benoeming van 'n dosent in Bybelkunde. Daar word toe besluit dat professor Oberholzer nog verantwoordelik sou wees vir Bybelkunde 3, terwyl ds A P B Breytenbach Bybelkunde 1 sou waarneem en ds J A Loader Bybelkunde 2, met die voorbehoud dat ds Breytenbach Bybelkunde 1 en 2 sou behartig as hy beskikbaar is. Die Kommlssie van die Algemene Kerkvergadering het die aanbeveling aanvaar (Kuratorium 1970-09-23).

Teen Julie 1970 is Bybelkunde 3 deur professor E S Mulder en Bybelkunde 1 en 2 deur professor J P Oberholzer gedoseer, wat die Ou Testamentiese deel betref (Fakulteit 1969-1970).

Uit die Jaarverslag van die Fakulteitsraad (Fakulteit 1970-1971) blyk dat prof J P Oberholzer vir die helfte van sy tyd as deskundige Bybelvertaler optree. 'n Gedeelte van sy lesings in Ou Testament is deur prof W C van Wyk waargeneem, terwyl hy wat sy Bybelkundelesings betref, van di J A Loader en A P B Breytenbach hulp ontvang het.

Professor Oberholzer het gedurende die verslagjaar tot 31 Julie 1972 'n onderdeel van Bybelkunde behartlg. Die Universiteit is bedank vir die dra van koste in verband met die vak Bybelkunde.

## 'N NUWE BEDELING

Aan die begin van die 1970s is 'n nuwe bedeling in vooruitsig gestel, naamlik dat Bybeikunde nie net voorgraads en binnemuurs gedoseer word nie, maar ook nagraads en buitemuurs en dat voltydse aanstellings in die Fakulteit Teologie gemaak moes word om dié vak soos in die verlede vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte te doseer (Fakulteit 1971-08-01 tot 1972-07-31).

'n Gesamentlike Komitee van die Raad en die Senaat oor opleiding in Bybelkunde beveel op 15 Mei 1972 aan dat die opleiding gesetel word in die Fakulteit Teologie in die Departemente Nuwe-Testamentiese Eksegese by Afdeling B en Ou-Testamentiese Eksegese by Afdeling A, met dien verstande dat by uiteindelike uitbreiding die aanstelling van personeel só sou geskied dat Afdeling B dan weer personeel in Ou Testament sou benoem en Afdeling A in Nuwe Testament.

Hoewel die Fakulteitsrade van Teologie op 21 Julie 1970 aanbeveel het dat 'n selfstandige departement Bybelkunde in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingestel word, het laasgenoemde Fakulteitsraad op 21 Julie 1971 besluit dat so 'n departement nie ingestel sal word nie, maar wel dat Bybelkunde op driejarige basis vanaf 1972 binne- en buitemuurs aangebied sou word en dat twee voltydse senior lektore (Afd A of B) op aanbeveling van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en in oorlegpleging met die Fakulteit Teologie, aangestel word. Die Uitvoerende Komitee van die Senaat het op sy vergadering van 18 Augustus 1971 onder andere besluit dat die huidige kontrak tussen die kerke en die Universiteit sodanig gewysig moes word dat die dosente in Bybelkunde dosente van die Fakulteit Teologie sou wees, maar deur die Universiteit besoldig sou word en dat die wyse van aanstelling van en die beheer oor genoemde dosente ooreenkomstig die bepalings van hierdie kontrakwysiging moes geskied.

Die Senaat het hierdie aanbevelings op 3 November 1971 behandel en 'n spesiale komitee benoem om die saak verder te ondersoek; ook is besluit dat die aanstelling van twee voltydse dosente eers moes oorstaan, dat vir 1972 Bybelkunde slegs binnemuurs aangebied sou word, dat aanstellings van deeltydse dosente vir 1972 op aanbeveling van die dekane van Teologie gemaak sou word en 'n salarisuitgawe van ongeveer R3 600 deur die Universiteit gefinansier word. Die werksaamhede is soos volg gereël, teen twee lesings per week:

* Bybeikunde 1: dr W J M Janson en ds A P B Breytenbach;
* Bybelkunde 2: prof A B du Toit en ds J A Loader;
* Bybelkunde 3: prof A B du Toit en prof J P Oberholzer.

Sake het so ontwikkel dat die Universiteit op 13 September 1973 'n skrywe aan die betrokke kerklike instansies gestuur het waarin versoek is dat 'n persoon benoem word as senior lektor in die Departement Ou-Testamentiese Eksegese van die

Fakulteit Teologie (Afd A) met ingang 1 Januarie 1974 (vgl Kuratorium 1973-08-23; 1973-09-17). Die vergadering van Professore het die situasie so geïnterpreteer dat die bestaande kontrak tussen die Hervormde Kerk en die Universiteit gewysig is. Dit sou dus gaan oor vulling van die pos van Senior Lektor in die Departement Bybelkunde. Die dosent sou verantwoordelik wees vir die doseer van die Ou-Testament gedeelte in die Departement Bybelkunde. Ds A P B Breytenbach wat op daardie stadium lektor was in die Departement Semitiese Tale, word toe aanbeveel. Hy was onder andere vanaf die begin van 1971 ook deeltydse dosent in Bybelkunde (afdeling Ou Testament). As riglyne vir die keuse van 'n kandidaat in Bybelkunde is die siening van prof Rautenbach geneem:

> Bybelkunde is 'n paar jaar gelede op versoek van die belanghebbende kerke en die Transvaalse Onderwysdepartement, aanvanklik as tweejarige graadvak in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, uitsluitlik vir aanstaande onderwysstudente, ingestel. Die twee kerke met teologies fakulteitsafdelings aan UP moet op hulle koste deur deeltydse dosente, aangewys deur die teologiese fakulteitsafdelings, die verlangde onderrig vir die universiteit laat behartig. Die Lettere fakulteit het dié dosente geakkrediteer. Mettertyd het dit 'n driejarige vak geword onder beperkende voorwaardes (slegs vir onderwysstudente en as bykomende derdejaarsvak). Mede as gevolg van die implementering van die wetgewing op die Christelike Onderwysopleiding aan die universiteite, sedert die begin van 1972, het die Universiteit nou verandering aangebring (Kuratorium 1973-09-17):
>
> 1. Bybelkunde word vrye, driejarige hoofvak met nagraadse studiemoontlikhede in die Lettere fakulteit.
> 2. Doseerwerk word voorasnog behartig deur twee permanente, voltydse senior lektore (Ou en Nuwe Testament):
>    (a) besoldig deur die universiteit
>    (b) toegewys aan die twee kerke deur ooreenkoms,
>    (c) benoem op dieselfde wyse as teologiese professore en dosente,
>    (d) Fakulteitsgewys ingedeel by die departemente Ou en Nuwe Testament van die betrokke fakulteitsafdelings, en
>    (e) met leeropdrag in die Lettere fakulteit.
> 3. Bestaansgrond bly evenwel die opleiding in die Bybelkunde vir onderwysstudente, wat hulle professionele en praktiese opleiding in die Fakulteit Opvoedkunde kry. Maar nou het dit hoofsaaklik kontrakstudente van die Onderwysdepartement geword wat toe-

> gerus word vir onderwys in sekondêre skole. Aan die Universiteit van Pretoria bestaan reeds twee departemente met wie se werk daar uiteraard 'n mate van onvermydelike oorvleueling sal wees – die departement Ou Testament in die teologiese fakulteitsafdelings en die departement Semitiese tale in die Lettere fakulteit. Bybelkunde moet deur oorleg uitgebou word sonder om 'n konkurrent te wees van die bestaande departemente. Mens kan op grond van die ontstaan van die vak aan die universiteit 'n ontwikkelingsmoontlikheid sien in die beklemtoning van die pedagogies-didaktiese en kategetiese aspekte. In daardie verband tree ook die tema van Christelikheid en die skoolvakke w.o. die wetenskappe, te voorskyn.

Ds A P B Breytenbach is vanaf 1 Januarie 1974 oorgeplaas as permanent-voltydse senior lektor na die Departement Ou-Testamentiese Eksegese, Teologie (Afd A) (Kuratorium 1974-05-17).

Vanaf begin 1974 is die deeltydse dosente dus vervang met twee voltydse dosente, aangestel as senior lektore met die volgende lesinglading: Bybelkunde 1 binnemuurs – 4 lesings per week; Bybelkunde 1 buitemuurs – 4 lesings per week; Bybelkunde 2 binnemuurs – 4 lesing per week; Bybelkunde 3 binnemuurs – 4 lesing per week; Bybelkunde (Hons) – 4 lesings per week. Vanaf begin 1975 sou Bybelkunde 2 buitemuurs bykom met 4 lesings per week en in 1976 Bybelkunde 3 buitemuurs met 4 lesings per week. Vanaf 1974 is tydelik-deeltydse hulp vir Bybelkunde toegestaan in die vorm van twee onderwysassistente.

Op 31 Julie 1974 skryf professor J P Oberholzer aan die Registrateur Akademies in verband met die skep van 'n verdere dosentpos in Nuwe Testament vir Afdeling A. Die situasie was destyds soos volg:

*Lektore*:

* een senior lektoraat in Ou Testament (Afd A),
* een lektoraat in Ou Testament (Afd B) met ingang 1975,
* een senior lektoraat in Nuwe Testament (Afd B).

*Inskrywings* (1974):

* eerstejaars – 365,
* tweedejaars – 100,
* derdejaars – 54,
* Honneurs – 1.

*Lesings*:
* Ou Testament
  * binnemuurs – 6 per week,
  * buitemuurs – 4 per week
* Nuwe Testament
  * binnemuurs – 6 per week,
  * buitemuurs – 4 per week,
  * Hons – 2 per week.

Die eerste Bybelkundekongres het in April 1974 by die Universiteit van Port Elizabeth plaasgevind.

Teen die einde van 1974 was die werkverdeling ten opsigte van Ou Testament soos volg:

Bybelkunde 1: di Breytenbach en W S Prinsloo,
Bybelkunde 2: ds Prinsloo,
Bybelkunde 3: ds Breytenbach,
Honneurs: ds Breytenbach.

Die honneurs-leerplan is soos volg gewysig: Regulasiewysiging word aangebring sodat Grieks 1 en Hebreeus 1 'n vereiste is vir toelating tot die Honneurs-eksamen; as Honneurs in een jaar geneem is, was dit 'n voorvereiste tot die studie, indien oor twee jaar geneem, 'n voorvereiste voor aanvang van die tweede studiejaar. As vooreksamenvereiste vir die Meestersgraad in Bybelkunde word Grieks 1 en Hebreeus 2 gestel. Die gedagte is uitgespreek dat sake soos die Dekaloog, die Ons Vader-gebed en die Apostoliese Geloofsbelydenis ook aandag moes kry aangesien dit in die skoolsillabusse voorgekom het (vgl Vakkomitee 1974-11-12).

In 1975 is ds W S Prinsloo (Ned Geref Kerk) as voltydse dosent in Bybelkunde aangestel en ds P A Geyser (Ned Herv Kerk) op deeltydse basis om met lesings behulpsaam te wees. 'n Addisionele lektoraat in Bybelkunde is toegestaan vir die Departement Nuwe Testament (Afd A). Ds Breytenbach en dr H J B Combrinck word aangewys as interne eksaminatore en proff Oberholzer en A B du Toit as eksterne eksaminatore vir die Honneurs-eksamen (Vgl Vakkomitee 1975-07-23).

Op 8 September 1975 het die Kuratorium 'n addisionele lektoraat vir die opleiding in Bybelkunde in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A) vanaf 1 Januarie 1976 goedgekeur. Dit sou 'n junior pos wees, die maksimum salaris sou ongeveer R9 100 wees, die Hervormde Kerk sou die salaris moes aanvul.

Dr A J G Dreyer, predikant van Kaapstad, is aanbeveel. Indien hy sy benoeming nie sou aanvaar nie, sou di J J Enge]brecht jr, P A Geyser of N H Buitenweg in hierdie volgorde aanbeveel word (Kuratorium 1975-09-08).

Wat die Nederduitsch Hervormde Kerk se aandeel betref, was daar dus aan die begin van 1976 twee voltydse dosente, naamlik di A P B Breytenbach (senior lektor) en J J Engelbrecht (lektor). (Vir werkverdeling en eksamenreëlings, vgl Vakkomitee 1976-08-23).

## BYBELKUNDE-LEERPLAN EN GODSDIENSONDERRIG

Met die dekaan van Opvoedkunde is 'n samespreking gevoer oor stof wat nie in Bybelkunde se leerplan gedek word nie. Die kwessie wat opgeduik het was of die Universiteit van Pretoria se Bybelkunde-leerplan dié van Bybelkunde van die Transvaalse Onderwysdepartement voldoende dek met die oog op die groot persentasie onderwysstudente wat aan die Universiteit ingeskryf is. Die leerplanne is met mekaar vergelyk en ontbrekende dele in die Universiteit se leerlan uitgewys. 'n Redelike verskil in die benadering ten opsigte van Skrifbeskouing is ook uitgewys, veral ten opsigte die Ou Testament. Dit is aanbeveel dat die ontbrekende dele in Vakdidaktiek of Bybelkunde gedek word. Die taalvereiste van Grieks 1 en Hebreeus 1 het as voorwaarde gebly vir Bybelkunde Honneurs, maar Grieks 2 en Hebreeus 2 het vir die MA-graad verval, terwyl die vereiste vir D Phil dieselfde gebly het as vir die Doktorsgraad in Ou of Nuwe Testament. Omdat die getal Bybelkunde 2-studente die 200-merk op daardie stadium reeds oorskry het, het mondelinge toetsing en eksamens verval en is dit vervang met skriftelike toetse en eksamens. Ook studietake vir Bybelkunde 1 en 2 sou verval indien nasienhulp nie verkry kon word nie.

Studentegetalle ingeskryf vir die tydperk 1973-1977 lyk soos volg (vgl Vakkomitee 1978-09-05):

| | 1973 | 1974 | 1975 | 1976 | 1977 |
|---|---|---|---|---|---|
| Bybelkunde 1 | 324 | 364 | 517 | 414 | 544 |
| Bybelkunde 2 | 128 | 105 | 92 | 122 | 143 |
| Bybelkunde 3 | 47 | 56 | 57 | 79 | |

By die Ned Geref-afdeling het heelwat personeelwisseling plaasgevind en in die tweede helfte van 1980 is dr A P B Breytenbach as mede-professor voltyds na die Teologie-opleiding verskuif (vgl Komitee vir Bybelkunde 1980-03-04).

Op 1 Julie 1982 is dr J J Engelbrecht aangestel as mede-professor met opdrag Bybelkunde. Op 7 Februarie was die volgende voltydse personeel by Bybelkunde

betrokke: Professore P P A Kotzé (Ned Geref), J J Engelbrecht (Ned Herv), W Vosloo (Ned Geref) en ds A G van Aarde (Ned Herv). Ds M J P Grobler en dr J van Schalkwyk, albei van die Ned Geref Kerk, het as tydelik-deeltydse personeel gehelp. Ds A G van Aarde is in 1983 in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A), aangestel. Prof P M Venter van die Universiteit van die Noorde is in sy plek benoem en het diens aanvaar op 1 Januarie 1984.

## BYBELKUNDE WORD 'N SELFSTANDIGE DEPARTEMENT

Reeds op 3 Junie 1983 is na aanleiding van 'n memorandum deur prof P P A Kotzé oor organisasie en administrasie van die vak Bybelkunde, besluit dat die moontlikheid van 'n selfstandige departement Bybelkunde binne die Fakulteit Teologie ondersoek moet word. In dié verband moes veral op die volgende sake gelet word:

*Bevorderingsmoontlikhede van Bybelkunde-dosente*:

* Die kontinuïteit van 'n moontlike departementshoofpos.
* Die administrasie en organisasie.

*Navorsingsmoontlikhede*:

* Die destydse verdeling van Bybelkunde onder twee fakulteitsafdelings en vier departementshoofde wat self nie die vak doseer nie, was lomp.

Die subkomitee van die Komitee vir Bybelkunde het op 25 Februarie 1985 bepaalde aanbevelings gemaak binne die riglyne wat neergelê is in die aanbevelings van die senaatkomitee oor Bybelkunde van 18 Februarie 1985. Enige probleme wat in verband met die implementering en funksionering van die Departement mag ontstaan het, sou hanteer word deur die gesamentlike vergadering van die twee afdelings van die Fakulteit Teologie. Wysigings van regulasies en verwante aangeleenthede wat in die Jaarboek van die Universiteit opgeneem moes word, was onder andere dat die Departementshoof van die te stigte Departement op roterende basis sou werk, naamlik 'n dosent wat lid is van die Fakulteit Teologie Afdeling A of B, om die beurt.

Die reglementwysigings wat nodig sou wees vir die totstandkoming en implementering van so 'n departement, asook die reglementwysigings wat nodig sou wees vir die instelling van Bybelkunde op 'n semesterstelsel, is deur die sekretaris van die Dosentekomitee voorgelê. Die vergadering het 'n beroep op die Bybelkundedosente gedoen om waar doenlik, die Bybel as eenheidsboek aan die orde te stel sonder nivellering van die verskille tussen Ou en Nuwe Testament (Komitee vir Bybelkunde 1985-02-28).

## DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

Wanneer die ou notules gelees word, is dit verblydend om waar te neem dat Bybelkunde 'n stewige plek aan die Universiteit van Pretoria verwerf het en sy plek as volwaardige vak wat tot op doktorale vlak geneem kan word, verkry het. Ook die posisie van die dosente het merkwaardig verbeter: Waar vroeër slegs van tydelik- deeltydse dosente gebruik gemaak is, is daar nou vier voltydse dosente waarvan twee in die Ou Testament en twee in die Nuwe Testmanent gepromoveer het. Een is medeprofessor en die ander drie is professore.

Vanaf 1 Januarie 1987 is daar 'n Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria, wat primêr by Teologie en sekondêr by Lettere en Wysbegeerte gehuisves is. Die Departementshoofskap roteer tussen dosente uit die twee kerklike afdelings van die Fakulteit Teologie en val saam met die rotasie van die Dekane elke drie jaar. Die eerste Departemenshoof was professor P P A Kotzé (Afd B). Weens sy vervroegde aftrede is hy in 1989 vir die res van die termyn opgevolg deur professor W Vosloo, ook van Afdeling B. Vanaf 1 Januarie 1991 is professor J J Engelbrecht (Afd A) die Departementshoof.

Deur die jare heen is meermale met wisselende sukses pogings aangewend om met die Transvaalse Onderwysdepartement en ander onderwysinstansies oorleg te pleeg oor die skoolleerplanne vir Bybelonderrig en Bybelkunde (vgl Komitee vir Bybelkunde 1984-08-29; 85-08-28; Dept Bybelkunde 1988-09-19; 1989-01-23; 1989-05-16 bl 6). Daar is ook gereelde kontak met die Pretoriase Onderwyskollege (NKP) met die oog op hulle leerplanne en eksaminering (vgl Dept Bybelkunde 1989-08-08; 1989-10-17; 1990-07-25).

Daar is onderhandelinge aan die gang oor die moontlikheid om Vergelykende Godsdienswetenskap ook op die patroon van Bybelkunde vanuit Teologie in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan te bied. Daarmee saam moet ook rekening gehou word met die moontlikheid dat weens veranderende landsomstandighede, Teologie en Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria dalk binne afsienbare tyd in 'n groot mate geherstruktureer sal moet word (vgl Dept Bybelkunde 1989-10-17, 1990-07-25, 1990-08-15; Engelbrecht 1991).

Deur die jare en ook tans, dit wil sê gedurende 1991, is kurrikulering en herkurrikulering 'n saak wat baie aandag in hierdie Departement geniet (vgl o a Dept Bybelkunde 1990-08-15; 90-09-05). Enersyds gaan dit in hierdie deurlopende proses om standaarde en andersyds om pogings om die leerinhoud so sinvol as moontlik vir die studente in hul lewensituasie aan te bied.

Met die oog op moontlike afstandsonderrig wat nodig mag word (Vgl Dept Bybelkunde 1989-01-23 bl 4-5) en met die oog op doeltreffender onderrig ook in die klaskamersituasie, word in al drie BA-jare in 'n groot mate van kernaantekeninge en

studiehandleidings gebruik gemaak. Selfs vir die Honneurs-kursus is 'n omvattende studiehandleiding opgestel en tot beskikking van die studente. Veral op voorgraadse vlak word op 'n groot skaal van transparante gebruik gemaak.

Die BA-leerpianne vir die vak het volgens die Jaarboek van die Universiteit (UP 1991) in 1991 soos volg daar uitgesien:

* Bybelkunde 110
  Die verstaan van die Bybel, Bybelse geskiedenis (Ou en Nuwe Testament), kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel – inleiding.
* Bybelkunde 120
  Die uitleg van die Bybel, Bybelse geskiedenis (Ou en Nuwe Testament), kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel – inleiding.
* Bybelkunde 210
  Bybelse geskiedenis – Ou Testament, kultuurhistories agtergrond van die Bybel, literatuursoorte en inleiding (Ou en Nuwe Testament), Teologie (Ou en Nuwe Testament).
* Bybelkunde 220
  Bybelse geskiedenis – Ou Testament, Bybelvertaling, Skrifverklaring (metodologie, Ou en Nuwe Testament), Teologie (Ou en Nuwe Testament).
* Bybelkunde 310
  Bybelse geskiedenis – Ou Testament, kultuurhistories agtergrond van die Bybel, literatuursoorte en inleiding, hermeneutiek, Skrifverklaring en Teologie van die Ou en Nuwe Testament.
* Bybelkunde 320
  Literatuursoorte en inleiding, teks en kanon, hermeneutiek, Skrifverklaring en Teologie van die Ou en Nuwe Testament.

Wat die studente betref, is dit lankal nie meer so dat uitsluitlik onderwysstudente die vak neem nie. Aspirant-predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk word verplig om Bybelkunde as deel van hulle voorbereidende studie te neem, terwyl dié van die Ned Geref Kerk ook sekere modules van hulle opleiding by Bybelkunde ontvang.

Verder is daar 'n groot verskeidenheid ingeskrewe Bybelkunde-studente wat ander beroepe volg of wil volg. Swart en bruin studente is ook geen vreemde verskynsel meer tydens die Bybelkunde-lesings nie.

In die praktyk, al word dit nie amptelik so gestel nie, is Bybelkunde 'n derde en boonop 'n ekumeniese afdeling van die Fakulteit Teologie. Ekumenies, nie in die

sin dat die dosente uit elke denkbare godsdienstige rigting kom nie, maar in die sin dat die dosente nie net uit een kerk afkomstig is nie en dat die studente uit 'n groot verskeidenheid kerke en strominge kom – selfs uit die Islam!

Literatuurverwysings

Engelbrecht, J J (sr) 1954. *Die jeug in die smeltkroes*. 2e druk. Bloemfontein: Sacum.

Engelbrecht, J J 1991. Bybelkunde en Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Ongepubliseerde intreerede as Departementshoof van Bybelkunde by die Universiteit van Pretoria.

Kotzé, P P A 1987. Op weg met Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria. Intreerede. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Nuwe Reeks.)

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1961-1963; Januarie 1967-Oktober 1969. Kuratorium-verslag. Pretoria: NHKA.

--- 1962-08-01, 1962-09-13, 1963-02-01, 1968-08-08, 1969-01-31, 1969-08-01, 1970-09-23, 1973-08-23, 1973-09-17, 1974-05-17, 1975-09-08. Kuratorium: Notules. Pretoria: NHKA.

Oberholzer, J P & Botha, S J 1967. Na vyftig jaar, in *Gedenkalbum van die Teologiese Fakulteit (Afd A) van die Universiteit van Pretoria*, 15-38. Krugersdorp: NHW Pers.

Rautenbach, C H 1962. Brief aan die dekane van die Teologiese Fakulteit, Afdelings A en B op 12 Februarie 1962.

Universiteit van Pretoria Jaarboek 1958, 1963-1964, 1991. Pretoria: UP.

--- 1970. Jaarverslag van Fakulteitsraad vir die tydperk 1969-08-01 tot 1970-07-31; 1971-08-01 tot 1972-07-31. Pretoria: UP.

--- 1970. Fakulteit Teologie (Afd A): Jaarverslag: 1 Augustus 1970 tot 31 Julie 1972. Pretoria: UP.

--- 1972. Komitee van die Raad en die Senaat: Notule van 'n gesamentlike Komitee van die Raad en die Senaat oor opleiding in Bybelkunde 15 Mei 1972. Pretoria: UP.

--- 1974-11-12, 1975-07-23, 1976-08-23, 1978-09-05. Vakkomitee vir Bybelkunde. Notules. Pretoria: UP.

--- 1980-03-04, 1984-08-29, 1985-08-28, 1985-02-28. Komitee vir Bybelkunde. Notules. Pretoria: UP.

--- 1988-09-19, 1989-01-23, 1989-05-16:6, 1989-08-08, 1989-10-17, 1990-07-25, 1990-08-15, 90-09-05. Departement Bybelkunde: Notules. Pretoria: UP.